J. F. WRIGHT

"JA, dis feitlik onmoontlik in hierdie swaar tye. Ek kan dit eenvoudig nie bybring nie." Wat is dit? "O, ek kan eenvoudig geen tiendes betaal by 'n verminderde inkomste nie." Party praat so teenswoordig. Daar word gesê: "Ons het nie genoeg kos nie, ons klere is oud en gedaan, ons het so baie met siektes te kampe gehad, veelal as gevolg van die gebrek aan die nodige; ons het ons huishuur en ander rekenings nie kan betaal nie, ons het so 'n slegte oes gehad, dat ons onder teenswoordige omstandighede onmoontlik nog die tiendes kan betaal."

Maar, geliefde gemeentelid, het u al 'n oomblik oor die onjuistheid van so 'n redenering nagedink? So ja, dan kan u net tot een besluit kom en dit is dat u onmoontlik kan bybring om tekort te skiet in die betaling van u tiendes, *depressie of geen depressie nie*, want kom u in hierdie saak tekort, dan doen u die Here te kort en nie 'n mens nie. Hy sê: "Julle het My beroof." Mal. 3: 8-18. Daar staan nie—julle beroof die predikante of die konferensie nie, maar: "Julle het My beroof." Daarom "met 'n vloek is julle vervloek." En wat kan mens maak as die vloek van die hemel op jou rus? My geliefde medegelowige, ek sou tog lievers 'n bietjie hê met die seën van die Here as om dieselfde te hê met die vloek van die Here. *Wat dink uself?*

Die skrywer weet van sommiges wat hul tiendes nie betaal nie. Hulle het al in jare geen tiendes betaal nie. En vandag in hierdie depressie meen hulle dit is 'n vanselfsprekende onmoontlikheid om aan hul regmatige verpligting te voldoen om die Here te gee wat Hom toekom. Op die manier gaan dit *swaar* met hulle. Ons is jammer vir hulle, maar hulle kan niemand blameer as hulself nie.

Laat ons opnuut die vermaning van die Here deur die profeet Maleachi lees: "Bring *al* die tiendes in die skathuis . . . en beproef My nou [vandag] daarin . . . of Ek u nie sal oopmaak die vensters van die hemel en u seën afgiet nie, sodat daar geen plek genoeg sal wees nie."

*Getrouheid aan die Here* in hierdie saak bring Sy seën op ons.

*Ongetrouheid aan die Here* in hier-

die saak sal wis en seker 'n vloek bring.

Geliefde kind van die Here, wat sal dit wees—'n seën of 'n vloek?—Vir die wat in die verlede, of nou vandag, ontrou in hierdie saak is, wil ons net vra om *ernstig daaroor na te dink*. Verander daarna u houding teenoor die Here en Sy skatkis. As u Hom nie verlaat nie, sal Hy ook u nie verlaat nie: Verder glo ons vas en seker dat as *algar* meer getrou was om die Here eerlik en vol tiendes te gee, ons ook meer sou hê om antwoord te gee op die roepstem van die baie oproepe tot geleenthede om in ons dae siele vir die Here te win. Mag die Here ons help om in ons verhouding tot Hom eerlik te wees, sodat ons nie die voleinding van Sy werk op aarde sal vertraag nie.

\* \*

## 'n Spesiale Biddag—10 September

N. C. WILSON

VAN verskillende kante kom daar versoeke om 'n spesiale biddag te hou met die oog op die bepaalde probleme wat ons nou voorlê. Ons weet dat die kindere van die Here elke dag in hul gebede aan seker bepaalde node dink. Maar dis ons voorreg, as daar besondere verleenthede kom, om spesiale tye van voorbidding af te sonder.

In die ou dae het die volk van die Here besonder tye vir verootmoediging en gebed afgesonder. Die Heilige Skrif bevat die verhale van verlossing as gevolg van hierdie verootmoediging.

Ons wens die kerk van die Here oor heel Suid-Afrika op te roep tot spesiale en ernstige gebed op Sabbat, die tiende September, met die oog op seker groot behoeftes en verleenthede wat vandag die saak van die Here en ons mense oor die hele Unie bedreig. Ons sal 'n paar van die dinge wat in ons gedagtes is noem en u kan dink aan anderes waaroor ons behoort te bid:

1. Die uitstorting van die Heilige Gees in groter mate op ons werkers en lede, sodat groot seën en voo spoed op al die handelinge van die kerk mag rus.

2. Die spesiale seën van die Here en goeie guns op ons evangeliste en werkers waar hulle die evangelistiese pogings van die voorjaar begin, sodat hulle baie siele mag win.

3. Die armes en behoeftiges in ons

midde en die wat oor die hele land, ja, in die hele wêreld is.

4. Reën vir seker dele van die Unie waar ernstige droogte heers, veral in die noorde van die Kaapkolonie en in die Vrystaat.

5. 'n Wederopleving van ware godsvrug en persoonlike oorwinning oor die hele veld, sowel as in die wêreldveld, sodat die doel van die Here in 'n haastige voleinding van die werk mag bereik word.

Broeders en susters, neem tyd om oor hierdie behoeftes na te dink en voeg daarby die wat u dink wat nog daar behoort te wees. Laat ons op die tiende September in al ons kerke en in elke huisgesin ons in ernstige voorbidding verenig, sodat groot seëninge en oorwinning vir die saak en vir die kindere van die Here behaal mag word in hierdie uur van groot behoefte en heerlike geleentheid.

\* \*

## Kampvergaderings in Angolaland

Van 8 Julie tot 1 Augustus 1932

J. F. WRIGHT

NA 'n baie stormagtige reis langs die Weskus van Afrika het die skrywer ses-en-dertig uur laat te Lobitobaai geland. Toe die stoomboot naby die dokke kom, was dit 'n genot om Ouderling en Mevr. W. H. Anderson daar te sien wag. Die gewone besigheid van die doeanes was gou afgehoop en ons was klaar vir ons reis na die eerste kampvergadering. Omdat ons so laat was, het ons besluit om die nag deur te ry, sodat ons Sondagmôre die eerste vergadering sou kan bywoon.

Die Here het die kampvergaderings in Angolaland hierdie jaar baie gesêen. Daar was vier van hulle, behalwe nog drie kleinere vergaderings. Die opkoms was baie bevredigend. In elkeen van hierdie vergaderings het die naturelle, werkers en gemeentelede, die aangesig van die Here ernstig gesoek. Ons het probeer om die lewe van geregtigheid en oorwinning op 'n eenvoudige manier vir die verstand van die naturel duidelik te maak. Volgens bepaalde gesegdes van die wat die vergaderings bygewoon het, was daar baie wat die beginsels van die Christelike ervaring nou beter verstaan het. Hierdie gelowiges het na hul dorpe teruggekeer, besiel met 'n nuwe moed om elke dag meer die lewe van gelykvormigheid aan Christus uit te leef.

Hierdie jaar sal daar tussen 150 en 160 lede in Angolaland gedoop word. Dis baie goed vir hierdie nuwe veld. Ouderling Anderson en sy werkers het 'n goeie stoot aan die evangelistiese werk gegee. Vandag is daar meer as duisend naturelle in die Bybelklasse. Hulle word voorberei om in die gemeente opgeneem te word. Eer die jaar verby is, sal daar seker nog tot hierdie getal toegegaan word.

Een ding het ek met groot belangstelling opgelet en dit is die ondersoek van doopkandidate. Die naturel werkers weet hoe om te vra en hulle wil alles omtrent die ervaring van elke kandidaat weet. Ek prys hulle daarin en voel dat as al ons werkers altyd met dieselfde voorsigtigheid wou te werk gaan, ons minder moeite sou hê met mense wat nie lank na hulle gedoop is nie, weer uitval of die waarheid opgee.

Dit was werklik bemoedigend om al ons Europese werkers vol moed te vind. Dr Parsons en Verpleegster Johnson doen uitstekende werk in verband met die Bongo Sendinghospitaal. Broeder Fields en sy mede-onderwysers doen deëlike werk in die Unie Opleidingskool. Dit sal nie lank duur nie of hierdie inrigting sal elke jaar 'n groot aantal goed geskoolde onderwyserevangeliste uitstuur. Wat 'n groot steun dit sal wees vir die vinnig groeiende werk in Angola! Die grootste, skreiende behoefte van hierdie veld vandag is meer naturelle werkers om aan die baie versoeke aan die Uniekomitee te kan gehoor gee. Ons hoop dat daar geen langer uitstel sal wees nie.

Op my reis deur die sendingveld het ek die voorreg gehad om die nuwe sendingstasie wat Broeder O. O. Bredenkamp in die Moxicodistrik honderd myl suid van Villa Luz geopen het, te besoek. Die Portugese Goewerment het ons hierdie land onlangs toegeken. Dit is 'n pragtige plek in 'n digbevolkte streek. Die plek het baie water en 'n groot bos. Broeder en Mevr. Bredenkamp was baie besig met pionierswerk in hierdie nuwe deel van die land. Hulle woon nou voorlopig in 'n riethuis. Die land word skoon gemaak, stene gebrand en hout gekap om 'n nuwe huis te bou. Ook het hulle 'n mooi groentetuin aangelê sodat hulle goed aangaan. Iets wat ongewoon die aandag trek, is die feit dat Broeder Bredenkamp aan die end van elke dag vir al die naturelle wat op die

plaas werk, godsdienste hou. Op die manier word hul belangstelling opgewek. Ons vertrou dat hierdie nuwe sendingstasie 'n nuwe baken in Angolaland mag wees om baie wat vandag in duisternis is, tot die lig van die waarheid te bring. Laat ons die Here vra om ons broeder en sy gesin te seën waar hulle hierdie nuwe werk begin het.

Toe ek in Angolaland aankom, hoor ek dat die huis van Broeder Edward Buckley te Namba afgebrand is. Ouderling Anderson en ek het hulle gaan besoek. Gelukkig kry ons hulle vol goeie moed, al het hulle ook hierdie treurige ervaring gehad. Hulle het hul eie meubels nog kan red en persoonlik geen skade gely of besering opgedaan nie. Die brand het in die dak begin as gevolg van 'n slegte skoorsteenpyp. Daar was 'n hewige wind wat veertig myl per uur gewaai het. Dis 'n wonder dat hulle alles so gou uit die huis uitgekry het, voordat die dak ingeval het. Maar deur die heldhaftige pogings van Broeder Buckley, sy vrou, Suster Anderson en twintig kaffers het hulle binne tien minute die huis leeggedra. Nou maak hulle plan om die huis 'n pannadak op te sit. Hulle sal dus gou weer kan intrek. Hulle woon solank in een kleiner gebou op die plek. Broeder en Suster Buckley is vol goeie moed en het die regte sendinggees. Hulle werk hard en die Here gee hulle siele vir hul arbeid.

Verskeie dae het ons op die sendingstasie te Luz deurgebring. Broeder Baker is hier en Verpleegster Fourie sorg goed vir die mediese belange. Hierdie sendingstasie is onder die Chokwe's, 'n wilde kafferstam. Maar baie, oud en jonk, kom onder die invloed van die evangelie. Ons het hier 'n uitstekende kampvergadering gehad en die werk is vorentoe.

Toe ek die werkers in Angolaland waarwel sê om weer na die Divisiekantoor terug te gaan, het ek in my siel dié versekering gehad dat die Here die verkondiging van die boodskap in hierdie veld ryklik seën. Hy het Ouderling en Suster Anderson en hul medearbeiders hierdie nege jaar lank gebruik om die saad van waarheid te strooi. Vandag sien ons 'n oorvloedige oes wat vir die koninkryk ingesamel word. Mag die Here ook verder oorvloedig seën in hierdie deel van die Divisie, is my vurige bede.

## Die Oppersaal

W. LEROY HYATT

BINNE 'n paar weke sal ons in ons verskillende gemeentes saamkom om die Nagmaal te vier. Dis ongetwyfeld 'n grote voorreg. Ons doen dan elke gedagte van ongelooft van ons en ons neem in volkome, kinderlike vertroue op die Here deel aan die onderskeie instellings van die diens met hul vol betekenis. Ons kom saam met bly herinnerings. Van daardie eerste geleentheid toe die Meester bevel gee dat hierdie eenvoudige instelling sou herhaal word "tot My gedagtenis," (Luk. 22: 19), is die lieflike herinnerings die ver naamste bestanddeel van sy inspirasie. Die stil oomblikke, die dikwels herhaalde besonderhede, die ontspanning van die gees, die eenvoud van die uitdeling, dit alles dra by tot die belangrikheid van die Nagmaal.

"In die nag, waarin Hy verraai is," telkens as ons hierdie woorde hoor, laat hul ons terugdink. Ons hoor dan ander stemme wat die mooie woorde herhaal; ons sien dan ander hande wat plegtig die brood breek en dit vir die gelowiges gee; ons verenig ons in die eggo's van die gebede van ander wat aan die Nagmaaltafel ons tot die troon van genade opgedra het en ons dink ook aan dierbares wat ons vooruitgegaan het.

Duisende herinneringe kom dan in ons gedagtes. Die ervarings self wat die brood en die wyn in die verlede opgeroep het, die berouvol trane, die skande en die verdriet, die vertroue op die Here, die blye gevoel van versoening met God,—dit alles kom weer terug en bemoedig ons.

Maar bo alles dink ons aan die Here. Christus Jesus moet ons gedagtes vervul en by elke stap in die Nagmaaldiens behoort ons aan Hom te dink, die sentrum van ons godsdienste en van die Nagmaal.

"Middelpunt van ons verlangen,  
Trooster van 't ontrust gemoed,  
Jezus! onze dankbre zangen  
Loven Uwen liefdegloed.  
Gij woudt van den hemel dalen  
Op deez' diep bedorven aard,  
En voor ons de schuld betalen,  
Die ons bang gemoed bezwaart."

Gez. 120:1.

Christus Jesus moet wees die pit, die hart, die lewe van elke drang van ons Christelike geloof. Die Nagmaal herinner ons aan hierdie fundamentele waarheid as ons die woorde herhaal: "Doen dat tot My gedagtenis."

Die houding van die Christen tot

die Nagmaal behoer elke keer inniger te wees. Die soet gemeenskap en band van eenheid met die Here en met ons medechristene behoer telkens nouer te word. Ons het die diep oortuiging dat daar aan hierdie diens groter seën as ons ooit gesmaak het, verbind is. Waar ons vir hierdie diens saamkom, behoer groter erns en meerder plegtigheid ons te besiel. Die Here is dikwels bedroef oor die afwesigheid van Sy volgelinge. Hy het hierdie instelling van die heilige Avondmaal deur Sy teenwoordigheid geseën en geheilig. En Hy verwag dat elke lid van Sy gemeente teenwoordig sal wees. Die wat wegbly, word swak en verloor die lewend-makende krag van die Here. Maar elkeen wat kom, word ryklik geseën. Vir die christelike wasdom is dit nodig om aan hierdie diens deel te neem. Hoe kan iemand wat eenmaal die seënige van die heilige Avondmaal geniet het, ooit daaraan dink om van die tafel van die Here weg te bly?

“Niemand behoer weg te bly van die Nagmaalstafel nie, omdat altemit ’n paar daar is wat onwaardig is. Elke dissipel word opgeroep om in die openbaar daaraan deel te neem en daardeur getuie af te lê dat hy Christus as sy persoonlike Saligmaker aanneem. Dis hier waar Christus Sy volk ontmoet en deur Sy teenwoordigheid nuwe krag gee. Algar wat hul geloof op Hom gevestig hou, sal ’n groot seën ontvang. Algar wat hierdie geleenthede van goddelike voorreg laat verbygaan, verloor iets. Van hulle kan gesê word: ‘Julle is nie almal rein nie.’

“Deur met Sy dissipels van die brood en die wyn te gebruik, het Christus Hom as hul Verlosser aan Hom verbind. Hy het hulle die nuwe verbond toevertrou, waardeur algar wat Hom aanneem, kindere van die Here en mede-erfgename met Christus word. Deur hierdie verbond word elke seën vir hierdie en die toekomstige eeu hul s’n. Hierdie verbondsdaad moes met die bloed van Christus verseël word. En die bediening van die sakrament moes die dissipels laat dink aan die oneindige offerande wat vir elkeen van hulle afsonderlik, as ’n onderdeel van die groot gevalle mensheid, gebring is.”—*“Desire of Ages,”* bld. 656, 657.

#### Voorbereidingsdiens

Die Here het dit in Sy oneindige wysheid en voorkennis van ons persoonlike ervaring nodig geag dat die

mensehart sou voorberei word, voordat die mens aan die heilige Avondmaal sou deelneem. Daarom het Hy ook die bediening van verootmoediging ingestel en deur ’n direkte bevel Sy dissipels opgedra: “As Ek dan, die Here en die Meester, jul voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle ’n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. . . . As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.” Johs. 13: 14-17.

Hierdie woorde het nie hul betekenis verloor nie en mens kan dit nie misverstaan nie. Waarom onthou party hul dan van deel te neem aan hierdie instelling van verootmoediging? Kan dit wees uit hoogmoed, of moontlik uit gebrek aan vergewingsgesindheid? Dit tog sekêr nie! Uit onverskilligheid of moontlik deurdat hulle dit nie goed verstaan nie? Ons is van mening dat niemand wat hom onthou van hierdie voorbereidende diens die Nagmaal behoer te gebruik nie. Ons kom tot hierdie besluit deur die volgende aanhaling: “Hierdie instelling is die deur Christus gewilde voorbereiding vir die Nagmaal. Solank hoogmoed, tweedrag en stryery om die voorrang nog heers, kan die siel onmoontlik met Christus in gemeenskap kom nie. Ons is dan nie klaar om die gemeenskap van Sy liggaam en van Sy bloed te ontvang nie. Om hierdie rede het die Here Jesus die gedenkteken van Sy vernedering ingestel om eerste bedien te word.”—*“Desire of Ages,”* bld. 650.

#### Die Kostelike Tekens

Ons sit aan die Tafel van die Here. O, die vreug wat elke hart vervul! Ons het nou ’n verrese Heiland Wat ons sonde vergewe en die vervreemding verban, Wat ons siele van elke besmetting gereinig het. Elke misverstand is in die Voorbereidingsdiens weggeeneem. “Christus is deur die Heilige Gees teenwoordig om Sy eie instelling te beseël.” Ons hoor Sy woorde: “Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle.” Johs. 14: 27.

Party het gevoel dat hulle met gerus gewete van die Nagmaal kan wegbly, omdat die een of ander broeder of suster wat hulle onwaardig ag, daaraan deelneem. Maar dis heeltal verkeer! Die wat wegbly, verloor ’n seën. Let op hierdie woorde:

“Die voorbeeld van Christus verbied afsydigheid by die Avondmaal. Dis waar dat die wat in openbaar sonde leef, uitgesluit is. Die Heilige Gees leer dit duidelik. Maar verder dan dit het niemand die reg om te gaan nie. Die Here het dit nie aan mense oorgelaat om te sê wie mag aansit nie. Want wie ken die hart? Wie sal die onkruid van die tarwe onderskei? ‘’n Iegelijke mens probeer homself.’”—*“Desire of Ages,”* bld. 656.

Ons gebruik die brood en die wyn wat die liggaam en die bloed van ons dierbaar Heiland voorstel, en ons harte word opgewek tot ’n dieper toewyding en meer dankbaar diens vir Hom Wat gesterf het, opdat ons sou leef.

#### “Totdat Ek Kom”

Die diens word gesluit. Ons rig ons oë op die toekoms en besef dat die Here netnou sal kom om Sy dissipels huistoe te neem. Hy het dit belowe: “Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My Vader.” Matt. 26: 29. Voor ons uitmekaar gaan, dink ons daaraan dat die dissipels ’n lied gesing het en daarom volg ons hul voorbeeld. Daarna gaan ons stil huistoe, eer die vyand van ons siele die seën van hierdie heilige uur verbreek.



## ’n Vaste Verhoog

J. F. WRIGHT

Ons leef in ’n tyd van vinnige veranderings en onseker toestande. Onlangs het die president van die bank van Nu-York nog gesê: “Dis ’n onseker tyd van onsekerhede.” En dis waar. So ver as die mag en die invloed van die mens gaan, lyk dit of niks seker, vas en vertroubaar is nie. Die leiers van die sake van die goewermente in ons dae verkeer in groot verwarring. Hul gemoedere is ontsteld. Hulle weet nie hoe hul probleme op te los nie. Hulle kannie sê wat in ’n dag se tyd al nie kan gebeur nie. Hulle besef dat die nasies in ’n gespanne toestand verkeer. Nêrens is iets waarop hulle kan staatmaak nie.

En wat nog meer verlamrend werk, is dat die Christenheid gestrand is op die rotse van modernisme. Die Kerk het geen boodskap

of raad te gee nie. Haar fondament is uitmekaar geslaan en wankel. Met die gevolg dat die beskawing vinnig aan sink is.

Maar daar is verwagting. Daar is iets wat vasstaan, iets wat seker en stabiel is. Ons dank die Here, daar is 'n vaste grond waarop ons veilig kan staan in hierdie ure van menslike verwarring. Die Psalmdigter praat daarvan as hy sê: "O Here! U woord bestaan in ewigheid in die hemele." Ps. 119: 89.

Dit doen mens goed om te weet dat daar iets is wat vas staan en seker is. As die mense net *na die Heilige Skrif* wou vra, wat 'n verskil sou dit maak in die oplossing van hul probleme. Want deur hierdie *Woord* kan ons die teenswoordige toestand verstaan en die toekoms oorsien. Op hierdie *Woord* kan ons vertrou sonder vrees vir teleurstelling. Die apostel Petrus verseker ons dat ons nie "kunstig verdigte fabels" nagevolg het, toe ons op hierdie *Woord* vertrou het nie. *Deur hierdie Woord toets ons wat waar en wat verkeerd is.* En dis op hierdie *Woord* dat die boodskap wat ons glo en leer, gegrond is. En die fundamentele leerstellings van hierdie boodskap soos die eerste pioniers van hierdie beweging dit ondersoek en uitgevind het en wat die toets van die tyd en van teenstand deurstaan het, vorm 'n vaste grond waarop ons voete in hierdie dae van menslike onsekerheid kan staan.

Dis op hierdie grond wat die gemeente van die oorblyfsel as 'n vereende kerk moet staan, selfs tot aan die end. Hiervan lees ons in "Eerste Geskriften," Ellen G. White, hoofstuk XXIX:

#### "EEN VASTE STANDPLAAS"

"Ek sien 'n geselskap wat goed bewaak en vasberade staan, en wat nie wil luister na die wat die gevestigde geloof van die kerk wil laat wankel nie. Die Here sien met welgevallen op hul neer. Ek sien toe drie stappe,—die boodskappe van die eerste, die tweede en die derde engel. My begeleidende engel sê toe: 'Wee hom wat 'n blok van hierdie boodskappe sal beweeg of 'n speld daaruit trek. Dis van die grootste belang om 'n goeie begrip van hierdie boodskappe te hê. Die lotsbestemming van siele hang af van die manier waarop hulle aangeneem word.' Ek is toe weer deur hierdie boodskappe gelei en sien toe hoe duur die volk van die Here hul ervarings betaal het. Hulle het dit gekry deur baie lyding en swaar worsteling. Die Here het hulle stap vir stap gelei, totdat Hy hulle op 'n vaste, onbeweeglike verhoog gesit het. Ek sien toe mense wat na by die verhoog kom en die fundament begin ondersoek. Party het onmiddellik met blydskap op die verhoog geklim. Anderes het

begin aanmerkings maak op die fundament. Hulle wou verbeterings aanbring en dan sou die verhoog volmaakter en die mense gelukkiger wees. Party het van die verhoog afgestap om dit te ondersoek en toe verklaar dat dit verkeerd gelê is. Maar ek sien duidelik dat amper algar vasgestaan het op die verhoog en die wat afgestap het, vermaan het om op te hou met hul klagte; want die Here was die Opperste Boumeester en hulle het teen die Here gestry."—*Early Writings*, pp. 258, 259.

Wat 'n wonderlike beeld is dit! Dink net, broeders en susters, die Here sê: "Hy het hulle, d.i. Sy Oorblyfsel, stap vir stap gelei, totdat Hy hulle op 'n vaste, onbeweeglike verhoog gesit het." Is dit nie hartversterkend nie? Is dit nie verblydend, vertroostend en versterkend nie? Waarlik dit doen mens goed om te weet dat die Here die pioniers van hierdie beweging stap vir stap gelei het en dat Hy ons deur hulle 'n boodskap gee, waarop ons mag vertrou en in geloof en versekering op mag steun in hierdie donker uur van die wêreldgeskiedenis. Wat ook die mensheid mag oorkom, ons kan seker en veilig op hierdie verhoog staan.

Maar hoe treurig is dit dat party vandag hierdie verhoog verlaat en weer in die duister wêreld onder terugval. Party verlaat die standarde en die nouheid van die "ou paaie," waarop die pioniers gewandel het. Anderes weer vind fout met party leerstellings en probeer "'n hervormingsbeweging" te begin buite die beweging wat die Here gegrondves het. Maar al hul pogings sal op niks uitdraai nie, want die diensmaag van die Here sê "Ek sien dat . . . die Here die Opperste Boumeester is" van die verhoog, en dat die wat besig is om daaraan te peuter, "teen die Here stry."

Dit volg uit bogenoemde gesegdes dat dit nou veel te laat in die stroom van tyd is om nou nog 'n nuwe beweging te begin of 'n nuwe verhoog te maak waarop die oorblyfsel van die Here moet staan. Die ou verhoog wat beproef en getoets is, sal seker onveranderd en onbeweeglik bly tot aan die laaste end van die strydende kerk. Dis die enige seker ding in hierdie dae van onsekerhede.

Aangesien dit so is, wil dit die skrywer voorkom dat ons as die oorblywende gemeente van Jesus Christus die boodskap waarvir ons staan, soos nooit te vore, behoort lief te hê, te eer en op prys te stel. Ons private lewe behoort meer in ooreenstemming met sy goddelike standarde te wees. Ons behoort dieper en dieper sy kos-

telike beginsels en goddelike waarhede te studeer. Sy heiligende krag behoort meer in ons 'n verandering van karakter te werk. Elke dag behoort ons ons voete vaster op sy verhoog van goddelike waarheid te sit, sodat ons onbewoë sal kan staan in die swaar tye wat nog voorlê.

En opdat dit die vrugbaar ervaring van ons mense deur heel die Divisie mag wees, wil ek opnuut met elke siel pleit *om die Heilige Skrif met ywer te ondersoek*. Laat ons die leerstellings wat ons tot 'n afsonderlike en besonderlike volk maak, werklik ken. Verder, broeders en susters, behoort daar te wees en moet daar wees 'n meer bepaalde en noukeurige studie van die raadgewings wat die Here goedgeind het om ons te gee deur die Gees van profesie. Deel ses tot nege van die "Testimonies" bevat baie inligting vir die gemeente in hierdie dae. "Ministry of Healing" is 'n boek wat in elke huisgesin behoort gelees te word, sodat ons mag weet hoe vir ons liggame, "die tempel van die Heilige Gees," te sorg. "Schreden naar Christus" en "Desire of Ages" maak die pad na die oorwinnende lewe duidelik en sê hoe dit te behou. "Groote Stryd" vertel van die oordeel en van die laaste tonele van die menslike genadetyd. Die laaste hoofstukke van hierdie boek is verhewe en elke gelovige Adventis behoort hul te lees en weer te lees, sodat ons mag weet wat voorlê en wat ons geestelike houding van dag tot dag behoort te wees.

Wat 'n wêreld van raadgewings is deur hierdie gawe vir hierdie laaste dae gegee! En ek wens die nadruk te lê op die feit dat as ons wil weet "die dinge wat tot ons vrede dien," (Lukas 19: 42), dan moet ons meer voortdurend die dinge studeer wat spesiaal vir ons tyd en vir ons vrede geskryf is.

Laat ons dus hierdie dinge te harte neem en ons geestelike behoefte in hierdie tyd wat so vol gevaar is vir die wat geen beskerming het nie, erken. Laat ons met meer erns ag gee op die goddelike vermaning: "Benaarstig u, om uzelfen Gode beproefd voor te stellen, eenen arbeider, die niet beschaamd wordt, die het Woord der waarheid recht snijdt." 2 Tim. 2: 15. As ons dit maar wil doen, dan sal ons seker wees dat ons voete vasgeplant staan op die verhoog van waarheid wat die Here Jesus ons so genadig gegee het om op te staan tot die dag van Sy heerlike verskynning.

## 'n Woord van Waardering en Vertroue

Nou ons dogters in die Verpleegsterskool te Washington aangekom het, kan Mevr. Siepman en ek nie hierdie geleentheid laat verbygaan sonder ons onderwysers ons groot dankbaarheid en waardering te kenne te gee nie. Hulle het uitstekende werk gedaan deur ons dogters 'n Christelike Opvoeding te gee, so lank hulle onder hul sorg was, eers in die kerk-skool te Port Elizabeth, toe op Spioenkop en daarna op Helderberg Kollege.

Ons wil nie een onderwyser besonderlik noem nie, want ons glo dat algar hul plig getrou nagekom het. Ons is van ganser harte met u in die Christelike opvoeding. Ons het u en die opvoedkundige sisteem van ons denominasie volkome vertrou en is nie beskaamd uitgekome nie.

Tegelyk wil ons hiermee ons broeders en susters bedank, die wat vir ons dogters gesorg het, terwyl hulle op pad van en na die skool was. Veral dink ons hierby aan die wat in Boelawayo, Kimberley en Bloemfontein woon.

Ja, dit het baie geld en opoffering van ons gevra. Opvoeding kos altyd geld, maar Christelike opvoeding is dit werd. *Om een dag voor die regterstoel van Christus te staan en te weet dat ons alles gedaan het wat ons vir ons kinders kon doen, is op sigself al 'n groot opoffering werd.* Ons vertroue is op Hom. Hy bestuur ons lewe en kan ons lei, want Hy weet die end van die begin.

Die Zambesie Unie het ons onlangs gevra om opsig te neem oor dié werk op Musofustasie. Ons het dit met blydskap aangeneem. Die jongste kortings in begroting en salaris het ons geen geringe moeite besorg nie, maar ons leef nog; ons kom nog klaar, die werk gaan nog aan; die siele word nog tot die Here gebring. En oral sien ons bewyse van die goedheid van die Here jeens die menskindere. Sy Gees stry nog met die inwoners van hierdie sondige wêreld. By die Here is daar geen krisis, geen oponthoud nie. Sy werk gaan altyd aan.

Ons is vol moed, want *die Here Jesus kom netnou.* "Hy, Die te kome staat, zal kome, en niet vertoeven." Heb. 10: 37. Ons is nou agtien eeue nader aan die vervulling van hierdie woorde en daarvoor behoort ons ons te verbly.

Die Uwe in diens van die Here,  
MNR. EN MEVR. J. G. SIEPMAN.

## 'n Laaste Woord van Opwekking

J. F. WRIGHT

Ek is net terug van Angola. Aangesien die datum van die Herfsraad vervroeg is, is ek net 'n paar dae by die huis, voor ek die tweede September van Kaapstad na Amerika vertrek.

### Voorsiening in Geval van Nood

#### 'N OPROEP TOT SPESIALE OPTREE

N. C. Wilson

Selfs na vereende en onvermoede pogings van die laaste weke vind ons dat die offisiële tyd van die Oes-Insameling Veldtog verstryk het en die Suid-Afrikaanse Unie amper £1,000 kort is. Dis 'n ernstige toestand en tensy dit verander, beteken dit groot verleentheid in ons sendingprogram in Afrika. Ons is seker dat die gemeente van die Here deur heel die Unie nie tevrede sou wees om dit by hierdie grote tekort te laat nie. Die Suid-Afrikaanse Unie het nog altyd sy doelpunt in die Oes-Insameling oortref. Ons vertrou dat 1932 nie 'n uitsondering gaan wees nie, want 'n tekort in die doelpunt van £3,950 sou, soos nooit tevore nie, 'n stap agteruit wees. Dit sou ons sendelinge wat alreeds met reusagtige probleme worstel, in groot verleentheid bring.

Daarom, om seker te wees dat ons die tekort van £1,000 sal inhaal, doen ons 'n beroep op al ons kerke en op elke gelowige afsonderlik om van 1 tot 10 September 'n spesiale poging te doen. Dis 'n tyd van nood en ons voel dat ons die kerk moet oproep om 'n krisis te voorkom. Ons vra die kindere van die Here ernstig om met volhardende gebed en met vereende kragte deel te neem aan hierdie laaste poging in die Oes-Insameling van 1 tot 10 September. Die wetenskap dat die nood dringend is, sal die kerk seker tot handelend optree beweeg en die gevolg sal wees 'n heerlike oorwinning vir die saak van die Here.

Voor my vertrek wil ek 'n paar woorde met ons werkers en lede oor die Oes-Insameling praat. Ons waardeer die edel pogings van die laaste ses weke baie. Daar is hard gewerk, die Here het ryklik geseën en ons is dankbaar vir wat gedaan is. Maar—die doelpunt is nog nie bereik nie. Nou kom die ernstige vraag, wat sal ons doen? Sal ons die taak vir 1932 as afgelepe beskou?

Nee, ons kan nie vir 'n oomblik dink dat u dit so in die sendingboeke van die hemel wil ingeskryf het nie. En waarom? Omdat die geleentheid vir evangeliewerk nog nooit so goed ge-wees is nie. Nog nooit het ons groter behoefte aan fondse gehad as nou in hierdie dae nie. Ons wens dus saam met die Unie en Plaaslike leiers in Suid-Afrika nogmaals algar 'n beroep te doen om aan te hou met die Oes-Insameling gedurende die eerste veertien dae van Septembermaand. Ons voel dat die oorwinning sal kom en dat ons die mylpaal sal haal. Laat ons dus nie rus totdat die werk gedaan is nie. As ons in hierdie saak kortskiet, sal die laste en die beswarings van elke veld gedurende die orige van hierdie jaar aanmerklik vermeerder word. Ons hoop dus dat iedereen 'n bietjie langer met die Insameling sal aanhou, totdat ons doelpunt bereik is."

Ons leiers van die sendingveld in die Noorde verseker ons dat hulle onvermoed nog die maand September en die helfte van Oktober sal werk. Ons weet dat ons op hulle kan reken. Hulle sal as een man hul deel doen.

Terwyl ek hierdie laaste woorde oor die Insameling skryf mag ek tegelyk ons werkers en gemeentelide in hierdie Divisie versoek om aldag die komende Herfsraad in hul gebede te gedenk. Hierdie belangrike vergadering sal die 18 Oktober te Battle Creek, Michigan, V. S. A., bymekaar kom. Baie ernstige vraagstukke sal die broeders moet oorweeg. Ons sal behoefte hê aan die wysheid van Bo om al hierdie vraagstukke op te los. Daarom, geliefde medegelowige, bid dat daar planne mag gelê word wat krag en vooruitgang in die spoedige afloop van ons wêreldwye werk sal beteken.

\* \*

## Werk in Niassaland

G. S. STEVENSON

TOE die apostel Poulus sy eerste brief aan die gelowiges van Korinthe skryf, vestig hy hul aandag op die werk wat in hul stad gedaan is: "En ek, broeders, toe ek tot u gekom het, het ek nie gekom met uitnemendheid van woorde, of van wysheid nie om u te verkondig die getuënis van die Here. Want ek het nie voorgeneem om iets te weet onder u nie, as Jesus Christus en Die gekruisig." 1 Kor. 2: 1, 2. En in die Romeinebrief skryf hy: "Want ek skaam my nie vir die Evangelie van Christus nie;

want dis 'n krag van die Here tot saligheid vir 'n ieder wat glo, eers die Jood en dan die Griek." Rom. 1: 16.

As ons vandag hierdie beginsel volg, sal dit dieselfde resultate bring. Meer as ooit tevore probeer die werkers in hierdie veld om hierdie ideaal te volg. In die verlede het ons dit nodig geag om veral ons besonder leerstellings te verkondig. Dit was logies in 'n streek waar daar meer kerke en meer sektes arbei as in enig andere deel van Afrika. In die yerraring van leer en geloof was dit raadsaam om ons leerstellings duidelik voor te stel en sodoende ons gelowiges te bevestig en ook die algemene publiek in te lig. Maar in die laaste maande is daar 'n verandering in ons metodes gekom. Ons volg in ons onderwys en ons preek meer wat die apostel Poulus in bogenoemde skriftuurplase aanhaal. Hierdie verandering het gelyktydig in die werk van al ons werkers gekom en is nie die gevolg van afgespreekte planne en vereende pogings in daardie rigting nie. Elke individuele werker—blanke sowel as naturel—het tot hierdie veranderde klemtoon in sy prediking oorgegaan. Dit het uitgekom op ons kampvergaderings. In die verlede was dit gebruikelik dat die helfte van die preke leerstellig moes wees. Vandaar dat dit 'n verrassing was, toe daar hierdie keer in die meeste kampvergaderings gladnie sulke preke gelewer is nie. Nie een van die werkers het lus daartoe gehad nie. Algar het 'n brandende begeerte gehad om te praat oor Christus en Sy geregtigheid, die middelpunt van die evangelie.—Die gevolg was dat ons naturel broeders oor heel die veld hul waardering oor hierdie jaar se kampvergaderings te kenne gegee het. Party van die vernaamste werkers het in vertroue dit bevestig dat hierdie jaar se vergaderings die beste was van wat ons ooit in Niassaland gehad het. Inderdaad, meer as in die verlede is daar hierdie jaar baie meer mense tot bekering gekom. Ook was die offerande meer as ander jare, al was die toestande ook heel wat moeiliker en geld skaarser.

In ons evangeliewerk het ons dieselfde rigting gevolg en die uitslag is uitstekend. Ons betreur nou dat ons geloof so klein was en dat ons nie vir beter resultate gevra het nie. In twee pogings, aan die begin van die jaar gehou, het 285 mense tot bekering gekom. Hulle is in die Bybel-

klas ingeskryf. In Meimaand het ons twee korte opwekkingsdienste gehou op plekke waar die toestande onbevredigend was. Die gevolg was 'n herlewing onder die ouer gelowiges en 161 bekeerlinge in die Bybelklas. Gelyksoortige resultate sien ons in die dorpe waar ons die eenvoudige evangelie van saligheid deur die Here Jesus Christus predik. In een dorpie waar ons die naweek was, het vyftig persone, en daaronder die plaaslike toordokter, tot bekering gekom.

Ons naturel werkers is met dieselfde gees besiel en groot seën rus op hul arbeid. In een sendingafdeling het die werkers hul doel vir die jaar op twee duisend siele gesit. Elke werker stel hom 'n doel en doen sy bes om siele te win. Drie werkers het hierdie maand gerapporteer en elkeen het 'n aantal bekeerlinge, die een ses, die ander twaalf, en die derde ses-en-dertig siele vir die maand. Dit verheug ons harte om te sien hoe die naturelle hul bes doen. Dis 'n bewys dat die Gees van die Here hulle lei in die diens van Christus.

As ons net tyd en ruimte sou hê, kon ons meer sulke gevalle opnoem. Dis tiepies van wat oral in die veld plaasvind. Vir ons is dit 'n bewys dat ons vinnig naderkom aan die tyd waarop die Here Sy werk sal kort-sny in geregtigheid.

In hierdie dae van geldelike tekorte leer ons meer te verwag van die krag van die Heilige Gees en bygevolg bereik ons meer. Hierdie werk sal vinnig sluit en ons kan algar iets doen om die end te verhaas, as ons net die waarheid soos hy in Jesus is, wil uitleef en predik.



## Evangelieverkondiging deur Leke

F. G. CLIFFORD

ONS meen dat die lesers van die **OUTLOOK** belangstel in die evangelieverbreiding deur ons leke. Daarom gee ons hierdie korte verslag.

In die begin van die jaar het Broeder Vivian Cooks met 'n aantal broeders 'n klein poging in een van die voorstede van Johannesburg begin, en vier keer per week dienste gehou, met die gevolg dat daar ses gedoopte is en 'n Sabbatskool van ses-en-twintig lede georganiseer is. Hierdie klein groep is ingelyf in die groot gemeente en bring getrou sy tiendes en offerandes en neem aktiewe deel in die Oes-Insameling Veldtog.

Broeder Herholdt het vir 'n paar maande buitekant die stad 'n groot woonhuis gebou en in sy vrye tyd die ewige dinge behartig. Hy het 'n aantal dienste op die plaas "Doornpoort" gehou en dikwels was die plek stampvol. Die Here het die eenvoudige prediking van Sy Woord gesien. 'n Paar weke gelede is daar dertien persone in die geïmproviseerde doopvont op die plaas gedoopte.

Daar behoort van ons lekebroeders te wees wat gewillig is om hierdie soort evangeliewerk te doen en die voorstede en afgeleë plekke te bewerk, waar dit nie doenlik en nie voordelig is om 'n groot poging te hou nie. Ons werkkragte is so min en ons middele so skaars dat ons die Here se plan moet volg en die werk klaarmaak deur die hulp van ons toegewyde lekebroeders in te roep.

In Johannesburg hou ons gereelde lekeklasse om hul te leer hoe om siele te win. Ons vertrou dat die resultate die poging sal beloon.

## Obituaries

**WILD.**—On July 22 Brother William Wild passed to his rest in the Johannesburg General Hospital. His death followed a serious motor accident.

Brother Wild had the distinction of being the first local elder in the first Adventist church in Africa in the early days in Kimberley. Latterly he devoted a large portion of his time in working for the coloured people, in whom he manifested a deep interest.

Brother Wild had a cheery smile for all and possessed a buoyant outlook upon life that sustained him through many and varied experiences. His faith in God was strong to the end.

He leaves to mourn a wife, two sons and two daughters. A large gathering of friends paid their last respects at the graveside. F. G. CLIFFORD.

**BOWES.**—Sister E. Bowes, mother of Sisters F. E. Bennet and V. H. Wall, passed away peacefully at Sister Bennet's home in Orange Grove, Johannesburg, in the early morning of July 25, 1932, after a brief illness.

Sister Bowes, who was seventy-three years of age, accepted present truth through the help of her daughter, Sister Bennett, and was baptised by Elder W. H. Hurlow three years ago. She attended the Sabbath school and church services at Orange Grove, where she was loved and respected by old and young. She was a real mother in Israel. Her quiet confidence in the Life-giver was firm to the last.

Our sympathies go out to her husband, two daughters and other relatives.

Sister Bowes was laid to rest at Brixton, Johannesburg. Elder F. G. Clifford conducted the service at the graveside and the writer spoke a few words of comfort to the relatives and friends. A. A. PITT.

*The Southern African Division Outlook*

Published monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

W. B. COMMINS ..... Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright ..... President.  
A. E. Nelson ..... Secy.-Treas.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
E. D. Dick ..... Field and Educational Secy.  
J. I. Robison ..... S. S. and Miss. Vol. Secy.  
L. A. Vixie ..... H. M. and Field Miss. Secy.

**A Timely Book**

J. F. Wright

In the last issue of the OUTLOOK the manager of the Sentinel Publishing Company made mention of the "New Church Manual" just fresh from the Review and Herald Press. While travelling in the field recently, the writer had opportunity to give some study to this new manual. And, truly it is a fine production! It is a book which should be in the hands of our workers and church officers throughout the field. If it is carefully studied and its instruction followed, it will greatly strengthen and unify the church leadership in this Division field.

Hence I hope that our workers and church officers will not simply give Brother Slate's announcement of the book just a passing glance and quickly forget it, but that each one will endeavour to secure a copy, for use and study, at a very early date. Be assured that you cannot invest a few shillings in anything better, so I would advise that you order your copy without delay. The book will be of great value and help to you in your church work, and you can be certain that it will give you the latest and best information as regards our church organisation and the various departmental activities.

**The Gospel Command**

E. E. FRANKLIN

Associate Secretary of the General Conference Publishing Department

THERE are many different aspects of "the great commission" upon which it is profitable for us as Seventh-day Adventists to reflect. When our Lord went away, leaving His work uncompleted, it was to be finished by those who profess to be called by His name. When our Lord came to deal with the real mission of the church in the world, He laid the whole emphasis on action and power; the church should go out by conquest and maintain the reality and integrity of the message by actively sharing it with all mankind.

This is our cause as we set ourselves to the task of giving the third angel's message in the great Southern African Division. This is our Lord's great commission, and as it comes to us the Lord lays emphasis on the personal element. "All power is given unto Me in heaven and in earth. Go ye therefore, and teach all nations, . . . teaching them to observe all things whatsoever I have commanded you." That is Matthew's account. "Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature." That is Mark's account. "Thus it is written, and thus it behooved Christ to suffer, . . . and that repentance and remission of sins should be preached in His name among all nations." That is how it is expressed by Luke. "As my Father has sent me, even so send I you into the world." That is John's account. In the book of Acts, our Lord's last words are, "Ye shall be witnesses unto me both in Jerusalem, and in all Judea, and in Samaria, and unto the uttermost parts of the earth." All this indicates that the call to service is personal.

If the call to service comes to us individually, let us not halt and debate as to whether there are re-

sources, but go out with the love of Christ in our hearts, and let the fire of a great and loyal devotion urge us forward in service for the Master. There are large centres of population in the Southern African Division as well as the more sparsely settled regions that must be reached; and to do this, a larger army of colporteurs should lead the way.

We trust that God's prospering hand may continue to bless and prosper the colporteurs in the Southern African Division and that they will do their full share in our present evangelistic efforts to win a larger harvest of souls.

**Latest Ingathering News**

J. F. Wright

Elder W. L. Hyatt sends this splendid word, "Our receipts now total £1,120. This leaves a remainder of £580. We have allotted various amounts to our churches irrespective of their goals. We are rallying ten of our conference workers to open a BIG DRIVE in the centre of Johannesburg commencing this coming Monday (August 22) to continue for a fortnight. . . . We are doing all in our power to save the situation and avert a crisis in the Harvest Ingathering work."

*We bespeak for this conference the prayers of God's people, and wish them a splendid victory in the achievement of their goal.*

Elder N. C. Wilson, acting president of the Cape Conference, feels confident that this conference will reach its goal. The amount of £333 still remains to be gathered in.

The good word comes that the Transvaal-Delagoa Mission Field has exceeded its goal of £450, by £50 and that doubtless another £50 will be gathered in.

No recent word has been received from Kaffirland, but we know that Elder Symons and his associates are still driving hard toward the goal.

**SOUTHERN AFRICAN DIVISION**

Report of Book Sales for Six Months Ended June 30, 1932

Name	1931			1932			Increase	Decrease
	Books & Period.	Office Sales	Total	Books & Period.	Office Sales	Total		
Cape Conf.	£1810 14 0	397 5 4	2207 19 4	1603 14 0	584 17 0	2188 11 0		19 8 4
N.-Tvl. Conf.	2916 14 5	379 13 1	3296 7 6	1724 11 0	570 1 0	2294 12 0		1001 15 6
Zambesi Union	894 10 3	208 3 9	1102 14 0	611 10 5	97 12 4	709 2 9		393 11 3
Kaffir. M. F.	205 1 0	239 10 9	444 11 9	257 2 6	90 14 3	347 16 9		96 15 0
Tvl.-Del. M. F.	308 18 10	70 4 11	379 3 9	633 12 11	308 19 0	942 11 11	563 8 2	
S. E. A. Union	76 15 9	23 16 10	100 12 7	28 18 2	25 9 7	54 7 9		46 4 10
S. A. Division	£6212 14 3	1318 14 8	7531 8 11	4859 9 0	1677 13 2	6537 2 2	563 8 2	1557 14 11